Universiteit van Pretoria Jaarboek 2017

BScHons Konstruksiebestuur (12242018)

Duur van studie	1 jaar
Totale krediete	152
Kontak	Mr DE Booyens derick.booyens@up.ac.za +27 (0)124204433

Programinligting

Dit word aanbeveel dat 'n student bo en behalwe bevredigende bywoning van lesings, vir ten minste 480 uur deeltyds by ’n geskikte werkgewer in die bou-/konstruksiebedryf werksaam sal wees. Daar sal van die student verwag word om ’n diensrooster by te hou op die voorgeskrewe templaat.

Verwys na G Regulasies G.16 tot G.29 en G.54.

Toelatingsvereistes

Die toelatingsvereistes moet saam met die voorwaardes soos uiteengesit in die Algemene Regulasies gelees word.

'n Persoon mag nie as 'n kandidaat vir die graad toegelaat word nie, tensy hy of sy:
(a) 'n gegradueerde van die BSc in Konstruksiebestuur-graad van hierdie Universiteit; of
(b) die houer van 'n drie-jaar baccalaureusgraad van hierdie, of enige ander universiteit erken vir die doel deur die departementshoof as gelykstaande aan die BSc in Konstruksiebestuur-graad van hierdie Universiteit; of
(c) in enige ander wyse bereik 'n vlak van bekwaamheid wat na die mening van die hoof van die departement is voldoende vir die doel van toelating

Addisionele vereistes

Keuring is gebaseer op die aansoeker se akademiese rekord en ondervinding. Van aansoekers kan verwag word om vir ‘n onderhoud te kom en/of ‘n toelatingseksamen af te lê.

Eksamens en slaagvereistes

Ten einde tot die eksamen in ’n betrokke module toegelaat te word, word ’n semester-/jaarpunt van minstens 40% vereis. Verder moet aan alle ander eksamentoelatingvereistes voldoen word, soos van toepassing op ’n betrokke module.

Hereksamens

Geen hereksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

Spesiale eksamens

Geen spesiale eksamens sal op nagraadse vlak toegestaan word nie.

Die graad word toegeken indien alle voorgeskrewe modules geslaag is.

Slaag met lof

Die graad word met lof toegeken aan ’n student wat vir die eerste maal vir de graad geregistreer het, en die graad voltooi het binne die minimum voorgeskrewe tydperk en in al die modules geslaag het met ? geweegde gemiddelde van minstens 75% (uitgesluit POU 700).

Kurrikulum: Finale jaar

Minimum krediete: 152

Kernmodules

Navorsingsverslag 785 (KBS 785)

Module-inhoud:

'n Skripsie waarvan die onderwerp deur die departementshoof goedgekeur is, moet gedurende die finale studiejaar ingedien word.

Modulekrediete	30.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Konstruksiebestuur 710 (KBS 710)

Module-inhoud:

Operasionele bestuurstegnieke, produktiwiteit, werkstudie en die invloed op prysvasstelling. Konstruksieprogrammeringstegnieke.

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Konstruksiekontrakreg 730 (KKR 730)

Module-inhoud:

Kontrakreg en deliktereg – 'n oorsig; ontwikkeling van bouooreenkomste in Suid-Afrika; GBK hoofbouooreenkoms en benoemde/geselekteerde onderaannemersoorenkomste: interpretasie, versekering en sekuriteit, uitvoering, voltooiing, betaling, suspensie, en kansellasie, dispuutbeslegting; GBK Kleinwerke-ooreenkoms; gevallestudies.

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Finansiële bestuur 700 (FMT 700)

Module-inhoud:

Die opstel van begrotings, kontantvloeiskedules, analiese van finansiële state konstruksie finansiële bestuur, berekeninge en rekeningkunde.

Modulekrediete	18.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Konstruksiekontrakreg 740 (KKR 740)

Module-inhoud:

Toepassing en terminologie van CIDB geëndosserde standaard kontrakte, behalwe JBCC (GCC, NEC en FIDIC); gevallestudies. Alternatiewe dispuutskikking: bemiddeling, beoordeling en arbitrasie; litigasie - 'n oorsig; deliktereg; verwaarlosing en skade aan eiendom.

Modulekrediete	12.00
Voorvereistes	KKR 730 GS
Kontaktyd	4 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Konstruksieprojekbestuur 730 (KPB 730)

Module-inhoud:

Inleiding tot projekbestuur in die bou- en eiendomsbedrywe. Sleutelprosesse, kennisgebiede en tegnieke word behandel.

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied

Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Uitvoerbaarheidsstudies 720 (EUS 720)

Module-inhoud:

Gedetailleerde finansiële lewensvatbaarheidstudies van verskillende tipes eiendomsontwikkelings; waardebestuur en lewenssikluskoste.

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	EUS 710
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Konstruksiebestuur 720 (KBS 720)

Module-inhoud:

Menslikehulpbronbestuur. 'n Erkende sertifikaat in noodhulp moet verwerf word voordat hierdie module toegeken kan word.

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Konstruksie-entrepreneurskap 740 (KEN 740)

Module-inhoud:

Entrepreneurskap, strategiese bestuur en bemarking. Besigheidsetiek.

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 2

Konstruksiehoeveelhede 700 (KSH 700)

Module-inhoud:

Voorbereidsels en die pryswerk daarvan, verskillende tipes hoeveelheidslyste, tendersamestelling, ekonomiese ontwerp, boukosteramings, ontleding van boukoste, berekening van professionele gelde. Praktiese kontrakteursadministrasie en interne en eksterne kostebestuur. Wet op Projek- en Konstruksie Bestuurs Professie. Wet op Raad vir die Bou-Omgewing, Wet op Konstruksie Industrie Ontwikkelingsraad. Geotegniese en siviele ingenieurswerke.

Modulekrediete	24.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week, 1 praktiese sessie per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Jaar

Praktiese ontwikkelingsuitvoerbaarheid 700 (POU 700)

Modulekrediete	2.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	20 kontakure
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1 en Semester 2

Uitvoerbaarheidsstudies 710 (EUS 710)

Module-inhoud:

Oorsig van faktore wat die uitvoerbaarheid van voorgenome eiendomsontwikkelings beïnvloed, insluitende ’n kort inleiding tot stadsbeplannings-, waardasie-, finansiële-, bemarking- en beleggingsbeginsels.

Modulekrediete	9.00
Voorvereistes	Geen voorvereistes.
Kontaktyd	3 lesings per week
Onderrigtaal	Module word in Engels aangebied
Akademiese organisasie	Konstruksie-ekonomie
Aanbiedingstydperk	Semester 1

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as 'n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.